**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Saak Nr. : LA107/2005

In die saak tussen:

**J E VON GERICKE** Applikant

en

**GRIFFONS RUGBY (EDMS) BEPERK**
**EN ANDER** Respondente

---

**UITSPRAAK:** CILLIé, R

---

**AANGEHOOR OP:** 9 SEPTEMBER 2005

---

**GELEWER OP:** 26 JANUARIE 2006

---

[1] Hierdie aansoek om verlof tot appèl is op 9 September 2005 aangehoor. Gedurende die betoog het dit duidelik geword dat die enigste grond waarop die applikant wens te appelleer 'n grondwetlike punt is. Mnr Daffue namens die applikant (appellant) het my daarop versoek om nie uitspraak op die aansoek om verlof tot appèl te gee nie, tot

verdere kennisgewing. Die oogmerk was om die Grondwetlike Hof direk te nader vir verlof om op die grondwetlike punt na daardie Hof te appelleer.

[2] Per skrywe gedateer 16 Januarie 2006 is ek deur die applikant se prokureur ingelig dat die omstandighede sodanig verander het dat uitspraak op die aansoek om verlof voor hierdie Hof versoek word. Dit is nie aan my bekend gemaak wat die veranderde omstandighede is nie.

Mnr. Daffue namens die applikant het my nie oortuig dat daar 'n redelike vooruitsig bestaan dat hierdie appèl kan slaag nie.

[3] Ten aansien van die aansoek om verlof tot appèl voor hierdie Hof word dan as volg beveel:

Die aansoek om verlof tot appèl word afgewys met koste.

**C.B. CILLIé, R**

/EM